

DIE GOD WAT SKEP EN HERSKEP - EKOLOGIE EN MENSEVERHOUDINGE IN KOLOSSENSE

I J du Plessis

Opeddra aan Professor A B du Toit by die herdenking van sy sestigste verjaardag.

Abstract

The God who creates and restores - ecology and human relations within Colossians

We are living in a world which has become very aware of the dangers of the pollution of our common environment and the destruction of the delicate balance of our ecology. Although the letter to the Colossians was written almost 2000 years ago it is surprising how much can be gathered by means of guidelines and principles with regard to these matters. Although Paul and the Colossians were not aware of the specific ecological problems that we face, there are nevertheless certain impulses in this letter which could guide us to a more balanced outlook with regard to these matters. This letter contains certain themes which could give us as Christians a good perspective on the relation between God and his creation and thus a perspective on our own relation towards the created world in which we live. In this article we have tried to trace the significance of Christ as mediator of creation and salvation and its effect on our relation towards our environment - the human as well as the natural environment. Christ's role in creation and the restoration of creation is also reflected, according to our investigation, in the earthliness of the so-called "Haustafel" (house-rules) in Colossians and therefore deserves our attention.

1 Ekologiese uitsigte op die jaar 2000

Die televisie en ander media het in die afgelope aantal jare baie daartoe by-

gedra om mense bewus te maak van die gevare van besoedeling, rooibou oorbevolking, die vernietiging van die osoonlaag en talle ander ekologiese sensitiwiteite. Die mense van Suid-Afrika gaan die laaste dekade van die twintigste eeu tegemoet met 'n veel groter bewustheid van die *ekologie* van hulle natuurlike omgewing, van die fyn balans in die natuur en van die feit dat die huidige geslag sy eie wêreld kan verwoes, selfs sonder 'n enkele atoombom. Verskillende plaaslike en internasionale instellings wat toegepits is op natuurbewaring het reeds 'n groot bydrae gelewer om mense bewus te maak van die feit dat hulle toekoms in 'n groot mate in hulle eie hande is. Selfs die politici kan nie meer die ekologiese konsekwensies van sogenaamde "vooruitgang" ignoreer nie. Die opkoms van politieke partye soos die "Groenes" in Wes-Duitsland, wat hulle beleid hoofsaaklik op omgewingstrategie bou, is simptome van die groeiende bewussyn van die belang van 'n gesonde ekologiese beleid. Selfs die etiese probleem van werkskepping in 'n derde wêreld land soos Suid-Afrika, kan nie meer aangepak word sonder om die belange van natuurbewaring in ag te neem nie. 'n Myn in die sandduine van St Lucia kan waardevolle valuta vir die land verdien en aan talle plaaslike swart inwoners broodnodige werk verskaf, maar die feit dat dit 'n stuk groen erfenis vir die nageslag kan vernietig, bring mee dat mense in hewige protes so 'n poging gaan beveg.

Uit die opmerkings hierbo, wat natuurlik nog baie vermenigvuldig kon word, blyk duidelik dat die einde van die twintigste eeu geweldige eise aan die tegnologiese vernuf van die mens gaan stel om sy omgewing leefbaar te hou. Probleme soos bevolkingsaanwas, beskikbaarheid van skoon water, lug en energie, die skepping van werksgeleenthede, ontspanningsruimte en die eise van talle ander basiese behoeftes, gaan die intellektuele en tegnologiese vernuf van die mensdom tot sy uiterste toe beproef. Maar miskien gaan die grootste toets wees of die mens die geestelike energie, integriteit en onselfsugtigheid gaan openbaar om hierdie wêreld nie alleen leefbaar te maak nie, maar om hierdie oorlewing meer as iets bloot fisies te maak. Is dit 'n blote hersinskim om te reken dat die *basiese Christelike deugde* miskien die deurslag kan gee om vir ons te help om 'n toekoms te skep? As ons kyk na die wêreld om ons, wil 'n mens wanhoop oor die toekoms. As die gewetenlose uitbuiting van mense ter wille van geld en mag 'n simptoom moet wees van wat ons kan verwag, dan is die toekoms beslis duister. Die Christelike kerk mag nie sonder hoop wees nie want sy hoop is nie in die mens se vermoë gegrond nie, maar op die groot hoop wat in Jesus Christus sigbaar geword het. Hierdie hoop was deur al die eeue die kern van sy boodskap en die rede

waarom hierdie boodskap mense kon inspireer en aanmoedig om voort te gaan, ten spyte van die grootste teenstand en struikelblokke. Met die oog daarop wil ons in hierdie bydrae kyk na die boodskap van die brief aan die Kolossense om vas te stel of dit vir ons enige hoop bied.

2 Is 'n Nuwe-Testamentiese skeppingsetiek moontlik?

Dit is natuurlik vanselfsprekend dat die Nuwe Testament nie bewus was van al die spesifieke probleme van ons moderne tyd nie. Dit sou daarom onverantwoordelik wees om na oplossings of aanwysings te soek wat net so op ons moderne problematiek toegepas sou kon word. Vir die *verhouding tussen die mens en die skepping* is daar egter wel riglyne en beginsels in die Nuwe Testament te vind wat kan bydra tot 'n duideliker perspektief op die problematiek van ons dag.

Erich Grässer ⁽¹⁾ het reeds 'n dekade gelede 'n goeie bydrae gelewer tot die probleem wat ons hier aangesny het. Hy wys daarop dat dit in die etiek nie meer net om die mens se welsyn gaan nie, maar oor die *algemene welsyn van die gesamentlike skepping*. Hy wil beklemtoon dat daar 'n groter klem geplaas moet word op die mens as "mede-skepsel" en maak dan die volgende belangrike stelling:

Das bedeutet, dass die bisherige anthropozentrische Ethik eine biozentrische Ausweitung erfahren muss, in der das Ethos als Verhalten zum Mitmenschen neu ausgelegt wird als Verhalten zur 'Mitwelt' ⁽²⁾.

In die geskiedenis van die Christelike teologie is die klem soseer geplaas op die mens as kroon van God se skepping dat daar 'n *dualisme* tussen die mens en die natuur rondom hom ontstaan het. Die mens verteenwoordig God in die skepping en alles word beoordeel in ooreenstemming met die vraag of dit tot die mens se voordeel is. Daardeur is die mens gemaak tot heerser en besitter van die natuur. Grässer ⁽³⁾ wys tereg daarop dat hierdie benadering nog steeds die Cartesiaanse beskouing verteenwoordig waarin 'n meganistiese natuurmodel gehandhaaf word. Die gevaar hiervan is dat die skeppingsgedagte as sodanig al hoe meer op die agtergrond gestoot word en alles opgehang word aan die gedagte dat die mens oor die natuur beskik en dat daar 'n "blasphemische Verachtung vor der Schöpfung" ⁽⁴⁾ intree. In sy

poging om die natuur te beheer, het die mens met sy tegniese hulpmiddele daarin geslaag om die natuur so te eksploiteer dat hy sowel die natuur as sy medemens se bestaan en voortbestaan ernstig in gevaar gestel het. Daar kan met reg gevra word of die onmiddellike voordeel wat die mens uit sy benutting van die natuur haal wel tot die algemene en permanente welsyn van die mens is? Die afgod van "vooruitgang" toon dikwels net die mens se hebsug en kortsigtigheid in die manier waarop die huidige geslag alles vir homself wil inpalm sonder inagneming van die belange van ander en van die komende geslagte. Die skepping en sy hulpbronne word sodoende op 'n kortsigtige manier beskou as dit wat voorhande is en waaroor beskik kan word, sonder om die verband met die res van die skepping in ag te neem. Sodoende word God se aanspraak op sy skepping Hom as 't ware ontsê. Die mens en nie God nie beskik nou oor die natuur.

3 Kan Kolossense na 2000 jaar iets bydra?

In die lig van wat ons hierbo gesê het oor die moontlikheid van 'n Nuwe-Testamentiese skeppingsetiek en oor die verhouding tussen die mens en die skepping, wil ons nou na die brief aan die *Kolossense* kyk om te sien of daar 'n bydrae uit hierdie brief na vore kom. Ons wil nie 'n maklike antwoord probeer aanbied vir die probleme van ons dag nie, maar is tog oortuig dat hierdie brief 'n uitsonderlike antwoord bied op enkele basiese etiese vrae.

Selfs 'n oppervlakkige lees van die brief toon dat daar besonder baie aandag aan verskillende etiese aangeleenthede gegee word. Ons wil vervolgens aandag gee aan die algemene opset in die brief, maar die hoofklem sal toegespits wees op 'n spesifieke aspek van besondere aktuele belang vir ons tyd, waarna ons reeds in die voorafgaande paragrafe verwys het, naamlik die *ekologie*. Dit is hierdie problematiek wat ons laat besluit het om in hierdie artikel, wat op Kolossense toegespits is, spesifiek te kyk na die rol en die etiese konsekwensies van *Christus as Skepper en Herskepper*.

4 Die ontstaan van die Kolossensebrief

Voordat ons na spesifieke aspekte van die etiek van Kolossense kyk, is dit nodig om die brief en sy ontstaansomstandighede kortliks in perspektief te stel, omdat 'n begrip van die situasie by die ontstaan van die brief kan bydra

om die probleme wat ons wil aansny beter te verstaan. Ons beperk ons tot 'n kort bespreking van die *skrywer* omdat ons dit reeds elders bespreek het (5) en bespreek die *aanleiding en doel* van die skrywe meer uitvoerig, omdat dit die onderwerp onder bespreking meer direk raak.

4.1 Die skrywer

Alhoewel die *outeurskap* van die brief aan die Kolossense nie van deurslaggewende belang is vir die onderwerp wat ons wil bespreek nie, is dit tog sinvol om net enkele aspekte aan te raak, omdat dit tog belangrik is om darem te weet met wie ons te doen het wanneer ons die brief lees. Alhoewel die skrywer homself drie keer by die naam Paulus noem (1:1,23; 4:18), is daar reeds sedert die vorige eeu twyfel uitgespreek of hy die skrywer was (6). Hierdie twyfel is deur verskillende ondersoekers in die jongste tyd beaam (7). Daarenteen het Roberts (8) tog weer 'n saak probeer uitmaak vir Paulus as skrywer en is daar ook ander ondersoekers wat vandag weer versigtiger is om Paulus al te maklik af te skryf as outeur. Ek het self by meer as een geleentheid (9) reeds daarop gewys dat daar 'n goeie saak vir albei standpunte uitgemaak kan word. 'n Breë debat oor die saak is nie nodig nie, aangesien die outeurskap as sodanig nie veel verskil maak aan die onderwerp onder bespreking nie. Ons wil daarom volstaan met 'n vroeër standpunt dat Paulus oënskynlik van 'n *amanuensis* gebruik gemaak het (4:18), aan wie 'n groot mate van vryheid gegee kon gewees het. Dit lyk egter onwaarskynlik dat die brief geskryf kon gewees het deur iemand wat nie in die nouste kontak met Paulus was nie. Daarom beskou ons die brief as ten minste "Paulinies" van aard en sal daarom tog na die skrywer as "Paulus" verwys.

4.2 Aanleiding en doel van die skrywe

Die rede waarom Paulus hierdie brief geskryf het, moet ongetwyfeld toegeskryf word aan berigte wat Epafraas aan hom oorgedra het toe hy hom in die gevangenis besoek het. Naas die goeie nuus oor die gemeente se geloof en liefde vir mekaar (1:4; 2:5), moes Paulus ook verneem van die bedreiging van 'n *dwaalleer* wat nie alleen vir die Kolossense gevaar inhou nie, maar skynbaar in die hele omgewing (insluitende die ander gemeentes soos Laodisea en Hiërapolis) die kern van Paulus se verkondiging bedreig het. Die ruimte laat ons nie toe om hier die vraag te bespreek of dit 'n binnekerklike of buitekerklike stroming verteenwoordig het nie (10). Die feit bly staan dat

Paulus hierdie dwaling ernstig opgeneem het en dit wou bekamp, omdat dit die hart van die evangelie aangetas het. Alhoewel die skrywer eers in 2:2 ev uitdruklik na die dwaling verwys, is hy reeds van die begin af besig om dit indirek te bestry deur die *algenoegsaamheid en opperheerskappy van Christus* te beklemtoon. Hierdie betekenis van Christus is een van die belangrikste temas en die hoofdoel van die brief, en loop soos 'n goue draad deur die hele brief. Hierdie deurlopende tema bring ook mee dat die skeiding tussen die prinsipiële deel van die brief en die paranetiese gedeelte nie so skerp getrek word soos in die meeste ander briewe van Paulus nie (wat natuurlik 'n aanduiding kan wees dat dit dalk nie 'n brief van Paulus is nie). Die Christologiese fundering van die paranese begin haas van die begin van die brief af. Die besondere verband tussen Christologie en paranese speel daarom ook 'n belangrike rol in die etiese vrae van hierdie brief soos ons nog sal aantoon.

Die *sinkretistiese aard* van die dwaling maak dit baie moeilik om die presiese aard daarvan uit te spel. Elke kommentaar en poging om die brief te verklaar, bevat noodwendig 'n interpretasie van die dwaling; daarom gaan ons dit nie breedvoerig bespreek nie ⁽¹¹⁾. Dit is egter wel duidelik dat die wêreld waarin die gemeente van Kolosse hulle bevind het, gekenmerk is deur sinkretisme, en die voorstelling wat ons kry, is dié van 'n wêreld wat onder beheer was van geestelike/bonatuurlike magte. Hierdie bonatuurlike magte moes vereer en gunstig gestem word deur die onderhouding van allerlei feeste en die onthouding van sekere soorte voedsel en drank. Uit die brief kry ons die indruk dat die volstreekte heerskappy van Christus en sy verlossingswerk bedreig is deur mense en beskouings wat dit wou aanvul met allerlei asketiese praktyke en ritusse. Gelowiges het die gevaar geloop om naas Christus ook aan die heerskappy van die bonatuurlike magte vas te hou as middelaars tussen God en mens. Hulle het die gevaar geloop om terug te val op selfverlossing wat uiting gevind het in askese en dienstigheid aan hierdie sogenaamde tussengangers tussen God en mens. Mense wat hierdie magte probeer behaag het, was besig om Christus se algenoegsaamheid ongedaan te maak.

Uit sy argumentasie gee Paulus die indruk dat hy 'n toestand van vrees en twyfel, wat in die gemeente bestaan het, wil beveg. Ons is bewus daarvan dat die mense geleef het in 'n onstabiele wêreld waarin natuurrampe en sosiale teenspoed aan die orde van die dag was. Ons kan ons voorstel dat hulle gevoel het dat hulle in 'n *disharmoniese kosmos* leef wat op sy ondergang afstuur. Die mense het met die vraag in die hart geloop: Hoe kan 'n mens in só 'n wêreld van onrus deurdring tot die geheime van dit wat agter

alles geleë is? Hoe moet hulle die harmonie met God herstel? In hierdie moeilike wêreld het hulle gesoek na 'n weg van verlossing wat lei tot anderkant die grens van onsekerheid en angs (12).

Die "oplossing" wat vir die probleem aan die hand gedoen is, sou egter net 'n terugval wees in 'n selfgemaakte godsdienstigheid wat geen ware oplossing bied nie. In plaas daarvan om weer in harmonie met God te tree soos hulle gemeen het, het hulle poging eerder gelei tot 'n *vervreemding van God* en 'n *miskenning van Christus*. As teenvoeter vir hierdie bedreiging beklemtoon Paulus deurgaans dat Christus die enigste en algenoegsame Hoof is wat oor sy kerk sowel as oor die hele wêreld heers. Christus is die enigste Verlosser en alles vind in Hom weer 'n integrasiepunt. Skepping sowel as versoening begin in Christus en word uitgebrei tot aan die einde van die heeal. Hy integreer alles in Homself en stel dit sodoende weer onder die heerskappy en dinamiek van God.

Die hoofargument van Paulus se betoog wentel om die klem wat hy plaas op die feit dat sowel die *skepping* as die *herstel van die skepping* in en deur Christus geskied het. Dit is by hierdie sentrale tema en die etiese konsekwensies daarvan waarby ons wil aansluit in hierdie artikel. Daarom het ons die titel gekies: Die God wat skep en herskep. Paulus veronderstel God as die finale Outeur van skepping en herskepping, maar beklemtoon in hierdie brief die rol en funksie van Christus as die Agent van God in en deur wie hierdie skepping en herskepping geskied.

5 Die verband tussen die Christologie en die paranese in die brief

Soos reeds uit die voorafgaande bespreking geblyk het, wentel die hooftema van die brief aan die Kolossense rondom die gedagte dat Christus die *Hoof* is van sowel sy *kerk* as die *skepping*. Vir die skrywer beteken hierdie Hoofskap die volgende: aan die een kant heerskappy, in welke hoedanigheid daar nie werklik 'n verskil kan wees tussen die manier waarop Hy sy Heerskappy bevestig oor sy kerk of oor die skepping as 'n geheel nie. Aan die ander kant is daar wel 'n duidelike verskil deurdat slegs die kerk aangedui word as die liggaam van die Hoof (Christus). Hierdie verhouding tussen die hoof en die liggaam gee uitdrukking aan 'n ander verband as dié van heerskappy. Christus is naamlik, as Hoof van sy liggaam (Kerk) die Verlosser, Versorger, Integrasiepunt en Vernuer van sy kerk op aarde.

Hierdie driehoekige verband tussen Christus as Hoof van sy kerk en van

die skepping het egter belangrike *implikasies*, nie alleen vir die Christologie van die brief nie maar ook vir die etiek! Die feit dat Christus nie alleen Middeelaar van God se verlossing is nie maar ook van God se skepping, het besondere konsekwensies vir die etiese eise wat in die brief gestel word. Käsemann ⁽¹³⁾ het in hierdie verband daarop gewys dat Paulus se etiek nie 'n onafhanklike deel van sy teologie is nie, maar eerder 'n deel van sy eskatologie en meer spesifiek "die anthropologische Kehrseite seiner Christologie." Ons sal die besondere verband tussen die Christologie van die brief en die paranetiese eise wat gestel word, probeer aantoon.

5.1 Christus as skepper en herskepper

Die beroemde *Christologiese lied* in 1:15-20 verteenwoordig die skrywer se basiese gedagtegang ten opsigte van Christus se rol in die skepping sowel as in die herskepping. In die lig van die situasie in die gemeente en die gevaar wat die dwaling vir hulle ingehou het, is dit verstaanbaar dat die skrywer dankbaar gebruik gemaak het van 'n bestaande lied, waardeur hy sy lesers op treffende wyse kon wys op die betekenis van Christus as antwoord op die probleme waarmee hulle te kampe gehad het. Ek het reeds elders gewys op die moontlike lied waarvan Paulus gebruik kon gemaak het en wil die bespreking dus nie herhaal nie ⁽¹⁴⁾. Alhoewel dit moeilik is om vas te stel hoe die oorspronklike lied daar sou uitgesien het, sou dit waarskynlik minstens uit die volgende twee parallelle strofes bestaan het:

Hy is die Beeld van God (1:15a)

Hy is die Eersgeborene van die hele skepping (1:15b)

want in Hom is alles geskape (1:16a)

Hy is die Begin (1:18b)

Hy is die Eersgeborene uit die dode (1:18c)

want in Hom het dit God behaag om ten volle te woon (1:19)

Hieruit blyk dat die lied veral gewy is aan die opvatting dat Christus 'n *middeelaarsrol* gespeel het by die *skepping*. Die terminologie wat gebruik word, getuig daarvan dat Christus die rol van 'n Inisierder gespeel het by sowel die skepping as die herstel van die skepping. Terme soos Beeld van God, Eersgeborene van die skepping, Begin en Eersgeborene uit die dode, dui almal daarop dat Christus nie net 'n tussenganger tussen God en sy skep-

ping is nie, maar inderdaad die inisiatief geneem het. Alhoewel die oorspronklike lied waarvan Paulus gebruik gemaak het, waarskynlik 'n kosmiese strekking gehad het en op Christus se rol in die skepping gekonsentreer het, het Paulus dit wyer aangewend om ook Christus se rol in die verlossing van die mens en die vestiging van die kerk in te sluit (15). Maar selfs nog in die verwerkte lied wat die apostel gebruik, is Christus duidelik die Hoof van die heelal. Daardeur beklemtoon hy dat Christus van die begin af betrokke is by die skepping en ook die doel is van die skepping. Christus kry in die lied 'n kosmologiese sowel as 'n soteriologiese betekenis.

Die afsluiting van die lied (1:19-20) gee 'n buitengewone betekenis aan hierdie besondere verbintenis tussen die kosmiese en die soteriologiese rol van Christus:

*God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon
en om deur Hom alles met Homself te versoen.
Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel,
deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.*

In die *finale vorm* van die lied, waarin Paulus dit gebruik, begin hy met die kosmiese rol van Christus en gaan daarna oor na sy rol as Verlosser en Oorwinnaar oor die dood, waardeur sy posisie van voorrang bevestig word, en dit loop ten slotte uit op die kosmiese konsekwensies van sy posisie van voorrang.

Met die uitdrukking *Beeld van God* gee die lied uitdrukking aan die gedagte dat Christus aan die kant van die Skepper staan. Dit druk die noue verbondenheid tussen God en Christus uit en gee die lesers die gerusstelling dat daar geen ander mag of tussenganger tussen God en die mens staan nie. Grässer (16) het daarop gewys dat hierdie beeldspraak daarop dui dat 'n mens nie die skepping werklik as die werk van God kan herken behalwe in Christus nie. Christus as Beeld van God gee uitdrukking aan die liefde van God wat in die wêreld aanwesig is. Waar die mens oorspronklik as beeld van God (Gen 1:26 ev) die verantwoordelikheid vir die skepping op hom geneem het, het Christus nou daardie verantwoordelikheid kom herstel. As Paulus die Kolossense daartoe oproep om vernuwe te word na die beeld van die Skepper (3:10), dan is dit duidelik dat die mens se beeld herstel is/kan word. Daarmee word te kenne gegee dat die vervreemding van God beëindig is, maar ook die vervreemding met die medegeskapene. Christus het die oorspronklike mandaat van die mens op Hom geneem en die herstel tussen Skepper en skepping (mens en natuur) moontlik gemaak.

Die verwysing na Christus as *Eersgeborene van die skepping* is nie 'n aanduiding van tydelike prioriteit nie ⁽¹⁷⁾, maar eerder die soewereiniteit en superioriteit van Christus ⁽¹⁸⁾. Hy is nie die eerste in 'n ry van geskiedenis nie, maar die een wat die aanleiding tot die skepping is. Hy is die een wat die skepping in stand hou. Vir die moderne mens wat leef in 'n wêreld waarin die ekologie so belangrik geword het, is dit 'n hoopvolle boodskap dat Christus nie alleen in mense se geestelike lewe belangstel nie, maar dat ook sy fisiese milieu en omstandighede 'n sinvolle integrasiepunt in Christus kan vind ⁽¹⁹⁾.

Waar die eerste strofe beklemtoon het dat die heelal in Christus in stand gehou word, dui die tweede strofe aan hoe die *versteurde kosmos in Christus herstel (versoen) is*. Die tweede strofe begin dan ook met die verwysing na Christus as die Begin. Hierdie gedeelte lui ook die soteriologiese gedagtegang in. Christus is die begin van die nuwe skepping. Daardeur word die eindtyd ingelui waarin Hy as *archê* (begin) heerskappy voer oor sy nuwe skepping. Dit word ingelui deur die oorwinning oor die dood - Hy is die Eersgeborene uit die dood. Die feit dat dit moontlik was, bevestig dat God ten volle in Hom woon. Die woord *pleroma* (volheid) wat in vers 19 gebruik word, is 'n sleutelbegrip in die proses van versoening en vrede. Paulus gebruik dit om uitdrukking te gee aan sy voorstelling dat alles wat in God is in Christus te voorskyn getree het. God se volle krag is werksaam in Christus en daarom kon dit uitloop op die versoening van die heelal. Daardeur is die vrede ook herstel en alles op aarde en in die hemel met God versoen. Christus se dood en opstanding was die deurbraak. Alles wat in die skepping skeef geloop het, kon herstel word. Sy dood en opstanding word die grond vir die versoening van sowel die kerk as die skepping waarin die kerk hom bevind. So kom die kerk as die versoende liggaam van Christus en die wêreld weer by mekaar uit. Die opstanding was 'n unieke daad met verregaande effek. Daardeur het die nuwe skepping tot stand gekom. Op grond van die effek van Christus se daad is nie alleen sy kerk gevestig as 'n nuwe skepping nie, maar is ook die wêreld waarin hy hom bevind binne die radius van God se versoenende vernuwingsgebring.

Dit is juis hierdie laaste faset van God se herskeppingswerk wat deur die brief aan die Kolossense op so 'n besondere manier op die voorgrond gestel word. Christus se betekenis en die rol van sy gemeente op aarde kry 'n *kosmiese dimensie* wat meestal by die ander briefliteratuur in die Nuwe Testament ontbreek. 'n Kosmiese uitspraak soos in 1:20 is dus 'n soort "kommentaar" ⁽²⁰⁾ op die versoening wat aan die mens verleen is. Dit bevestig dat die

bonatuurlike magte wat die mens oorheers het, nie die laaste vyand, die dood is nie (vgl 1 Kor 15:26), want Christus het juis deur sy oorwinning oor die dood versoening bewerkstellig. Hierdie bevryding van die ang vir die bonatuurlike magte beteken ware vrede vir die mens. Daar kan op gewys word dat ons ook by Filo (Spec.Leg.II,190-192) 'n dergelike verwysing kry dat die stryd tussen volkere, maar ook in die natuur, deur die genade van die God wat vrede bewerkstellig (*eirênopoïoun*), oorwin is (vgl ook Ef 2:14-18, Rm 5:1). Hierdie gedagte aan 'n kosmiese versoening is redelik uniek. Paulus verwys wel in 2 Korintiërs 5:19 na die versoening van die wêreld, maar dan verwys *kosmos* na die *mensewêreld*, sodat die mense dit verder moet uitdra en verkondig. In Kolossense 1:20 gaan dit egter oor 'n kosmiese versoening. Iets hiervan word ook in Romeine 8:19 ev verwag. Pokorny⁽²¹⁾ stel dit goed as hy sê dat die gebruik van die woord "versoening" hier verwys na 'n proklamasie van die bevryding van die "schicksalhafte kosmischen Druck." Daardeur word die bedoeling en funksie van die kosmiese magte weer herstel tot dit waarvoor hulle oorspronklik geskep is. Christus het die verhoudinge herstel en sodoende kan mens en skepping weer in harmonie leef. Uiteraard is die mens se versoening met God iets anders as die versoening van die kosmos, soos reeds geblyk het uit die feit dat Hy *Hoof* van sy kerk en *Heerser* oor die heelal is. Die kosmiese versoening is beeldspraak om aan te dui dat die dood en opstanding van Christus 'n finale einde aan vyandskap en vrees tussen die mens en die skepping gemaak het. Die mens kan nou met ander oë na die wêreld om hom kyk in die wete dat sy eie versoening met God ook betekenis het vir sy verhouding met die wêreld waarin hy leef - vrede en harmonie is moontlik!

Uit die voorafgaande kan die Christen leer dat *God sy gesig in Jesus sigbaar gemaak het* (1:15)⁽²²⁾. Hierdie feit was 'n "geheimenis" wat na baie eeue openbaar gemaak is (1:26 ev). Dit beteken nie dat die mens nou daarvoor kan beskik nie, maar dit is nie meer verborge nie en daarom kan die gelowige daaruit leef. Jesus Christus as die geopenbaarde beeld van God het bevestig dat Hy oor die skepping regeer en dat Hy die doel daarvan is (1:16,17,20). Daarom kry die skepping 'n vriendelike gesig en is dit nie meer 'n bedreiging of 'n vyandige instansie nie. Vir sover die skepping boos en as 'n bedreiging voorkom, is dit skyn, omdat Christus die bese magte oorwin het (2:10,15). Vir die gelowige is hierdie wêreld God se wêreld en daarom kan hy dit ook so benader. Die gelowige kan in hierdie wêreld leef met die wete dat God die wêreld liefhet. Die gelowige kan in sowel die kleiner kring van die familie as in die wyer sosiale verhoudinge van sy omgewing, en selfs in

die wydste afmetinge van die kosmos, lewe soos een wat weet en bely dat God in Christus die een is wat skep en herskep.

5.2 Die aardsheid van die etiek van Kolossense

Die besondere posisie van Christus ten opsigte van die skepping en herskepping het ook 'n effek op die paranese in die Kolossensebrief. In 'n bydrae tot 'n Festschrift vir Walther Zimmerli het Eduard Schweizer⁽²³⁾ gewys op die "*Weltlichkeit*" (*aardsheid*) van die Nuwe Testament soos dit in die sogenaamde "*Haustafeln*" na vore kom. Hierdie aardsheid word veral treffend geïllustreer in die brief aan die Kolossense soos dit veral in die Haustafel te voorskyn tree. Dit is opvallend hoe 'n groot deel van hierdie brief afgestaan word aan voorskrifte vir die gemeentelede soos wat dit in die Haustafel voorgeskryf word. Die sogenaamde Haustafel het te doen met etiese voorskrifte wat veral vir huislike verhoudinge van toepassing is. In Kolossense tref ons dit aan in 3:18-4:1. Saam met Efesiërs en 1 Petrus bevat Kolossense die oudste van hierdie voorskrifte in die Nuwe Testament. Die Haustafel in Kolossense 3:18-4:1 maak deel uit van die paranetiese gedeelte van die brief. Die Haustafel het gewoonlik die volgende eienskappe vertoon: die groepe word in pare aangespreek (bv vrou/man, slaaf/eienaar, kind/ouers) en die laer (mindere) stand word eerste genoem; die vermaning wat uitgespreek word, word gevolg deur die rede daarvoor⁽²⁴⁾. Hierdie eienskappe is duidelik sigbaar in die Haustafel in Kolossense 3:18-4:1.

Een van die opvallende aspekte van Kolossense is die feit dat die prinsipiële en paranetiese dele nie skerp geskei of onderskei word nie! Die Christologiese besinning in die eerste twee hoofstukke van die brief kan nog steeds in die paranetiese gedeelte bespeur word. Die besondere posisie van Christus en sy verhouding met sy gemeente bly die grond vir die paranese. So begin 2:6 met die woorde: "Aangesien julle dan Christus Jesus as julle Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe..." en 3:1 gaan ook van hierdie verbondenheid uit: "Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is ..." Maar ten spyte van hierdie besondere band tussen die prinsipiële en die paranetiese opmerkings, is die *aardsheid* van die voorskrifte in die Haustafel opvallend. Die etiese voorskrifte aan die gemeente oor hulle huislike verhoudinge getuig van 'n nugterheid oor wat van hulle verwag word in hierdie wêreld. Dit dui daarop dat die rol en posisie van Christus in hierdie brief nie beperk word tot dié van *Verlosser* nie maar dat sy posisie as *Skepper*

ook ten volle tot sy reg kom. Dit kan 'n groot hydraende faktor wees waarom die etiek van die Haustafel so aards is.

Die feit dat soveel van die voorskrifte in die bekende Haustafeln met mekaar ooreenstem, dui daarop dat dit 'n *bekende vorm van vroeg-Christelike paranese* was. Hierdie voorskrifte is nie elkeen ad hoc geformuleer en op die besondere omstandighede in 'n spesifieke gemeente toegepas nie. Spesifieke gemeente-omstandighede sou egter wel 'n rol gespeel het, soos byvoorbeeld die behandeling van slawe in Kolossense (miskien na aanleiding van die geval Onesimus wat ons in Filemon teëkom). Ons het dus waarskynlik te doen met voorskrifte waarvan sommige meer tradisioneel van aard was, terwyl ander meer direk op besondere situasies en omstandighede binne die gemeente wat aangespreek word, van toepassing is (25).

Daar is wye erkenning van die feit dat verskeie van die etiese voorskrifte in die Kolossensebrief uit die *daaglikse lewe* oorgeneem is (26). Hans Küng (27) het tereg daarop gewys dat Paulus nie 'n sistematiese etiek uitgewerk het nie, maar eerder van Hellenistiese en veral van Joodse tradisies gebruik gemaak het. In die Haustafel het die voorskrifte wat hy voorlê egter 'n besondere uitdrukking geword van wat God van sy kinders verwag. Goppelt (28) het egter gewys op die saaklike ooreenkomste tussen Jesus se etiese uitsprake en dié van die Haustafel. Paulus huiwer nie om die basiese lewensreëls te benut as hulle voldoen aan die toets van die Christelike etiese norme, of om dit aan te pas sodat dit voldoen aan die Christelike ethos nie. Wayne Meeks het 'n waar woord gespreek toe hy 'n kultureel-linguïstiese ondersoek na die vroeë Christelike etiek voorgestaan het:

Finally, a "cultural-linguistic" inquiry may help us to escape the temptation to think that only what is unusual or unique about the Christian moral universe is important. The "essence" of Christianity is not some residue that remains after we have boiled away everything they "borrowed" from the impure world around them. (29)

Dit is opvallend dat die paranese in Kolossense aansluit by die kritiek op die askese- en taboe-praktyke van die dwaalleer (2:20-23). Teenoor die kosmiese angs van die dwaalleer beklemtoon Paulus dat die kosmos nie deur demone en ander magte oorheers word nie, maar deur Christus. Hierdie heerskappy van Christus vind ook neerslag in die paranese wat uitloop op die Haustafel-voorskrifte - alles moet in sy naam gedoen word (vgl 3:17)! Die

sentrale en oorheersende posisie van Christus in sowel die *kerk* as die *skepping* bring mee dat die gelowiges in Kolosse *positief* teenoor albei kan staan. 'n Asketiese onttrekking uit die wêreld word verwerp in die verering van God, maar ook in die voorskrifte wat te doen het met die huwelik, sosiale verhoudings en ander sake van hierdie wêreld. Dit is egter opvallend dat hierdie positiewe ingesteldheid tot hierdie wêreld hand aan hand gaan met 'n uitspraak aan die begin van die reeks vermaninge wat die Haustafel voorafgaan, naamlik 3:1-4 waar ons verneem van Paulus se opdrag dat die gemeente moet strewe na die "dinge daarbo waar Christus is" en nie na die "dinge op aarde" nie. Verder word daar ook gesê dat hulle lewe nou "verborge is saam met Christus in God" (3:3). Hierdie positiewe houding teenoor hierdie wêreld en teenoor die dinge "daarbo" is glad nie vreemd, nie omdat dit direk afgelei kan word uit die Christologiese uitgangspunt wat in die eerste twee hoofstukke reeds duidelik geblyk het. Christus is die Middelaar van skepping en versoening en daarom beteken 'n gesonde verhouding met Hom dat die gelowige net so positief teenoor albei hierdie "aksies" van Hom sal staan. Juis 'n strewe na die "dinge daarbo" sal ook 'n positiewe gesindheid teenoor die "dinge op aarde" insluit. Die "dinge op aarde" beteken dan 'n erkenning van Christus se positiewe bemoeienis met sy skepping en nie wat die Kolossiese dwaalleer daarvan gemaak het nie, naamlik, 'n mensgemaakte godsdiensdigtheid wat Christus se rol en bemoeienis met sy skepping ontken en daarom naarstiglik soek om surrogaat-magte as middelaars tussen God en sy skepping te probeer bevredig. Die moontlikheid om by die sosiale etiek van die omgewing aan te sluit, is dus afhanklik van die feit dat Christus sy heerskappy oor die kosmiese magte bevestig het en daardeur die kosmos ge-ontdemoniseer het (30). Sodoende is die wêreld weer tot 'n ruimte gemaak waar God se heerskappy in Christus bely kan word en waarin die gelowige mens die vreugde van die aarde kan geniet. Die kerk en die gelowige se stryd teen die demoniese van die wêreld word daardeur egter nie tot niet gemaak nie.

'n Ou vraag wat ook weer in verband met die Haustafel opduik, is die vraag of die liefde wat voorgeskryf word slegs *binne* die ruimte van die huwelik en die gemeente toepaslik is en of dit ook op die verhoudinge met die wêreld *buite* die gemeente van toepassing is? Lohse (31) en Goppelt (32) meen dit moet beperk word terwyl Schrage (33) dit wyer wil toepas. In 2:2, 3:14 en 19 lyk dit waarskynlik dat die skrywer dit ten minste eerstens op die verhoudinge binne die huwelik en die gemeente wil toepas. Die uitsprake in die Haustafel spreek ook nie werklik hierdie probleem aan nie, en daarom behoort daar ook nie gepoog te word om die probleem *direk* vanuit die teks

of die konteks aan te spreek nie. Aan die ander kant is dit ook onaanvaarbaar om die probleem vanuit die tradisionele *twee-ryke-leer* te probeer oplos asof daar 'n skerp onderskeiding gemaak kan word tussen 'n godsdienstige en 'n sosiale domein nie (34). Schrage (35) het daarop gewys dat die eis van die liefde nie tot 'n religieuse sektor van die huwelik beperk word nie. Die Christen se lewe bestaan per slot van sake nie uit 'n kerklike en 'n wêreldlike terrein wat in harmonie naas mekaar bestaan nie. Dit is waarskynlik een van die gevaarlike mistastings in ons samelewing dat talle mense trag om hierdie soort skeiding te probeer handhaaf - as reaksie teen 'n oormatige sosialisering en politisering van die kerklike lewe. Wendland (36) het reeds 'n poging aangewend om die dualisme van die twee-ryke-leer te oorkom deur te praat van 'n "Bewegung des Reiches Gottes in das Weltreich hinein" om te wys dat die twee ryke slegs 'n relatiewe en voorlopige verdeling verteenwoordig. As die aard van die Christelike liefde in die Nuwe Testament as grondslag geneem word, behoort dit duidelik te wees dat die liefde vir die huweliksmaat en vir die medegelowige binne die gemeente nie daar kan ophou nie. Dit behoort die profane strukture van die maatskappy binne te dring en te beïnvloed (37), soos wat dit inderdaad deur die eeue gedoen is. Schrage meen dat hierdie indringing in die maatskappy "die mitmenschlichen Beziehungen ... ihrer Eigengesetzlichkeit entrissen und zum Ort liebenden Dienstes und Daseins für den anderen werden." (38)

Die talle verwysings na die "*Here*" wat in die Haustafel voorkom, beklemtoon die feit dat ook in hierdie alledaagse verhoudings die *Here* die norm is waarvolgens verhoudinge gemeet moet word. Vir mense wat hulleself bedreig gevoel het in 'n wêreld vol vyandige magte, is dit veelseggend om te verneem dat hulle lewe nie gemeet word aan die vrees of verering van die *stoicheia tou kosmou* (grondbeginsels van die wêreld) nie maar aan die *kurios* (*Here*). Teen hierdie agtergrond is dit belangrik om te weet dat die *eikon* (beeld) van God nie die wêreld of sy strukture en maghebbers is nie, maar wel Christus (1:15). Deur hierdie Beeld is alles geskape en daarom het die skepping nie 'n demoniese karakter soos die dwaalleer geïmpliseer het nie. Christus is die een wat die heelal regeer en in Homself saamsluit (39). Dit beteken nie dat Christus as *Here* nou 'n soort waarborg is vir die bestaande natuurlike ordes nie, of dat Hy die wêreldlike instellings 'n religieuse betekenis gee nie. Dit moet eerder gesien word as 'n diens wat aan hierdie *Here* gelewer word as hulle aan sy vermanings gehoorsaam is (vgl 3:24). Daar moet onthou word wat reeds in 1:18 e.v. gestel is, naamlik dat Christus die *Here* geword het deur aan die kruis te sterf. Die *en kurio* (in die *Here*)

formule wat dikwels in hierdie brief gebruik word, gee uitdrukking aan die gebied waar Christus se heil en heerskappy deurslaggewend is. Dit word duidelik in 2:6 waar die apostel die Christologiese heil (indikatief) as grondslag maak vir die opdrag (imperatief) aan die gemeente: "Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe" (vgl ook 3:16 en 23-24). Die Christene is ook in hulle verhoudinge in die wêreld gehoorsaam aan die heerskappy van Jesus Christus en nie aan die norme en voorskrifte wat deur die wêreld aangelê word nie (40).

Uit die Haustafel van Kolossense word duidelik dat die gehoorsaamheid aan die Here nie beperk word tot binnekerklike verhoudinge nie, maar juis *in die strukture van die wêreld* waarin hulle lewe. Daarom word askese en wêreldontvlugting nie as oplossings vir probleme beskou nie. Die sosiale en ander verhoudings wat geld in die wêreld waarin die Christen hom bevind, moet juis getoets word aan die gehoorsaamheid wat aan die Here verskuldig is (41).

6 Etiese konsekwensies

Uit die diskussie oor die twee aspekte van die etiek in Kolossense, het die volgende uitgekristalliseer:

- 1 Christus word voorgestel as die een wat 'n wesenlike aandeel het aan die skepping van alles wat geskape is. Hy is die Inisierder en Doel van die skepping. Hy is Middelaar van die skepping en die onderhouding van die skepping. Sy heerskappy as die Here (κύριος) eindig dus nie by die mens nie, maar betrek alle geskape dinge. Die feit dat die mens as skepsel dieselfde Here het as die skepping waarbinne hy hom bevind, het die etiese konsekwensie dat die mens as "kroon" van die skepping ook 'n besondere verantwoordelikheid het vir die skepping.
- 2 Christus se optrede in die skepping word ook in verband gebring met die verlossing. Hy is sowel Middelaar van die skepping as die herskepping. Verder word die heil van God in Christus ook nie beperk tot die mens nie, maar het betrekking op alle medegeskapenes. Veral in die Christologiese lied (1:15-20) word dit duidelik dat Christus sowel as Skepper en as Verlosser met die mens te doen het. Die mens word op sy beurt verteenwoordiger van alle ander geskapenes en moet 'n teken wees van Christus se mag en sy wêreldwye aanspraak. Die gelowige wat die

heil van Christus ervaar het, moet ook hierdie heil in sy wêreld verkondig en uitleef. Die gelowige moet dus enersyds 'n teken wees van Christus se heerskappy as Skepper, Integreerder en Doel van die skepping. Andersyds moet hulle 'n teken wees van die Versoening en Herskepping wat in Christus werklikheid geword het. Daarom behoort die Christen sy etiese verantwoordelikheid teenoor sy menslike omgewing en teenoor sy natuurlike omgewing ernstig te neem. Sy taak teenoor sy medemens word dikwels genoeg in etiese terme uitgespel en daarom hoef ons dit nie hier te herhaal nie. Sy taak teenoor sy natuurlike omgewing kry selde aandag en daarom is die riglyne in Kolossense so belangrik. Aan die einde van die 20e eeu het hierdie riglyne en impulse belangriker as ooit in die geskiedenis geword. Die belange van die mens en die natuur het onafskeidbaar geword. Wat vir en aan die een gedoen word, het onafwendbaar gevolge vir die ander. Die mens se omgang met sy omgewing behoort een te wees van versorging, bewaring, beplanning, heling, herstel en liefde. Grässer ⁽⁴²⁾ stel dit raak as hy die vraag vra: "Wenn Gottes Gerechtigkeit uns das Recht der entrechteten Menschen zur Verantwortung macht, warum dan nicht auch das Recht der entrechteten Kreatur?" Die gelowige het op grond van sy geloof rede om om te gee vir sowel sy medemens as vir sy omgewing - vir mense in nood en vir die natuur in nood.

- 3 Omdat Christus se rol as Verlosser in verband gebring word met sy rol as Skepper, dra dit by tot die aardsheid van die etiese voorskrifte in die paranetiese deel van Kolossense, soos dit veral in die Haustafel geïllustreer word. Die gelowige kan dus positief staan teenoor dit wat in die skepping én die herskepping tot stand gekom het. Asketiese onttrekking uit die wêreld bied geen werklike bydrae tot die verering van God nie. Dieselfde geld ook vir dit wat goed is vir die huwelik en die sosiale verhoudinge. 'n Positiewe ingesteldheid teenoor die Here sluit ook 'n positiewe houding in teenoor die "dinge op aarde". Op grond van Christus se dubbele rol in Skepping en Herskepping behoort die liefde teenoor die medemens en die huweliksmaat nie beperk te wees tot die geloofsgenoot nie, maar behoort die profane strukture van die maatskappy binne te dring en te beïnvloed. Die Here bly die norm vir ons verhouding tot ons medegelowige, maar ook vir ons verhouding met die wêreld, selfs al erken die wêreld Hom nie. Die Christen is ook in sy verhoudinge in die wêreld gehoorsaam aan die heerskappy van Jesus Christus en nie aan die voorskrifte wat in die wêreld geld nie.

Notas

- 1 E Grässer, "Neutestamentliche Erwägungen zu einer Schöpfungsethik", *Wissenschaft und Praxis in Kirche und Gesellschaft* vol 68 (1979), 98-114.
- 2 Grässer, *WPKG* 68 (1979), 99.
- 3 Grässer, *WPKG* 68 (1979), 100.
- 4 Vgl K E Logstrup, "Schöpfung und Ethik," *Neue Zeitschrift für systematische Theologie* vol 8 (1966), 61.
- 5 I J du Plessis, "Versoening - Gister en vandag. Perspektief vanuit Kol 1:20 en 22" in *Eenheid en Konflikt*, onder redaksie van J C Breytenbach, Pretoria 1987, 91-92.
- 6 Vgl E Th Mayerhoff, *Der Brief an die Colosser, mit vornehmlicher Berücksichtigung der drei Pastoralbriefe kritisch beprüft von J L Mayerhoff* (Hrsg), Berlin 1838.
- 7 Vgl W Bujard, *Stilanalytische Untersuchungen zum Kol als Beitrag zur Methodik von Sprachvergleichen*, Göttingen 1973, 220-221; W Schenk, "Der Kolosserbrief in der neueren Forschung (1945-1985)", in Haase, W & Temporini, H (Hrsg), *Aufstieg und Niedergang der römischen Welt (ANRW)*, Teil II: Principat, Band 25.4, Berlin 1987, 3327 e.v.
- 8 J H Roberts, "Die Gevangenskapsbriewe", in *Handleiding by die Nuwe Testament*, Band V, onder redaksie van A B du Toit, Pretoria 1988, 124.
- 9 Du Plessis, *a w*, 91-92. Vgl ook I J du Plessis, *Die Brief aan die Kolossense*, Kaapstad 1990.
- 10 Vgl M D Hooker, "Were there false teachers in Colossae?" in Lindars, B & Smalley, S S (eds), *Christ and the Spirit in the New Testament: Studies in honor of Charles Francis Digby Moule*, Cambridge 1973, 315-331; Schenk, *a w* 3327; J H Roberts, "Die bedreiging van die gemeente in Kolosse", *Hervormde Teologiese Studies* vol 44 (1988), 812-828.
- 11 Vgl byvoorbeeld die bespreking by J Lähnemann, *Der Kolosserbrief*, Gütersloh 1971; E Schweizer, *Der Brief an die Colosser* (Evangelisch-Katholischer Kommentar zum Neuen Testament), Zürich 1976; J H Roberts, *HTS* vol 44 (1988), 812-828.
- 12 Vgl Du Plessis, *a w*, (1987), 92.
- 13 E Käsemann, *An die Römer*, Tübingen 1973, 166.
- 14 Vgl Du Plessis, *a w*, 1987, 95-98.

- 15 J H Roberts, Belydenisuitsprake as Pauliniese brieffoorgange, *HTS* vol 44 (1988), 81-97 (veral 93) praat van die "status" van die Seun in 1:15-20 en meen dit kom tot uitdrukking in drie aspekte naamlik, in sy verhouding tot God (1:15a), sy verhouding tot die skepping (1:15b-17) en sy verhouding tot die kerk (1:18-20).
- 16 Grässer, *a w*, 106.
- 17 Teen H Hegermann, *Die Vorstellung vom Schöpfungsmittler im hellenistischen Judentum und Urchristentum*, Berlin 1961, 96.
- 18 Vgl W Michaelis, s v *protos*, *ThWNT* VI, Stuttgart 1962, 879-881.
- 19 Vgl Du Plessis, *a w*, 1987, 99.
- 20 Vgl P Pokorny, *Der Brief des Paulus an die Kolosser*, Berlin 1987, 72.
- 21 Pokorny, *a w*, 74.
- 22 Schweizer, *a w*, 223.
- 23 E Schweizer, "Die Weltlichkeit des Neuen Testaments: die Haustafeln", in Donner, H ea (Hrsg), *Beiträge zur Alttestamentlichen Theologie. Festschrift für Walther Zimmerli zum 70. Geburtstag*, Göttingen 1977, 397-413.
- 24 Vgl D Schroeder, *Die Haustafeln des Neuen Testaments*, dissertasie Hamburg 1959; W Schrage, "Zur Ethik der neutestamentlichen Haustafeln", *New Testament Studies* vol 21 (1975), 2.
- 25 Schrage, *a w*, 4.
- 26 Vgl Schweizer, *a w*, 1976, 222; Schrage, *a w*, 7 ev; H D Wendland, "Der Weltherrschaft Christi und die zwei Reiche", in H D Wendland, *Botschaft an die soziale Welt*, Hamburg 1959, 104 ev.
- 27 H Küng, *Christ sein*, München 1974, 534.
- 28 L Goppelt, "Jesus und die 'Haustafel'-Tradition", in Hoffmann, P ea (Hrsg), *Orientierung an Jesus. Zur Theologie der Synoptiker*, Freiburg 1973, 93-106.
- 29 W A Meeks, "Understanding early Christian ethics", *Journal of Biblical Literature* vol 105 (1986), 10.
- 30 H D Wendland, "Zur sozialetischen Bedeutung der neutestamentlichen Haustafeln", in H D Wendland, *Botschaft an die soziale Welt*, Hamburg 1959, 112.
- 31 E Lohse, *Die Briefe an die Kolosser und an Philemon*, Göttingen 1968, 225.

- 32 L Goppelt, "Die Herrschaft Christi und die Welt", in L Goppelt *Christologie und Ethik*, Göttingen 1968, 130.
- 33 Schrage, *a w*, 13-14.
- 34 E Haupt, *Die Briefe an die Kolosser, Philipper und an Philemon*, Göttingen 1897, 164.
- 35 Schrage, *a w*, 14.
- 36 H D Wendland, "Der Weltherrschaft Christi und die zwei Reiche", in H D Wendland, *Botschaft an die soziale Welt*, Hamburg 1959, 94.
- 37 H D Wendland, "Gibt es Sozialethik im NT?", in H D Wendland, *a w*, 1959, 76.
- 38 Schrage, *a w*, 15.
- 39 Vgl I J du Plessis, *Christus as hoof van kerk en kosmos. 'n Eksegeties-teologiese studie van Christus se hoofskap veral in Efesiërs en Kolossense*, Groningen 1962, 66-69; E Schweizer, "Die Kirche als Leib Christi in den paulinischen Antilegomena", in *Neotestamentica*, Zürich 1963, 296.
- 40 Vgl Schrage, *a w*, 21.
- 41 Vgl Schrage, *a w*, 22.
- 42 Grässer, *a w*, 105.